


**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**
Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

# Die Rietfluit

JAARTEMA:
*Sáám volg ons Christus*

November 2018

## *Lewenswaarhede (no 2)*

Die vorige keer het ons oor drie lewenswaarhede gesels naamlik: God is genoeg; ons het nie beheer oor 'n ander se lewe nie; en ons leef in verhoudings.

Vandag gesels ons oor nog drie lewenswaarhede wat 'n groot impak op jou lewe mag hê.

**1. Wat in jou binneste aangaan bepaal jou optrede**

'n Mens se denke beheer jou gevoelens en jou gedrag bv. as ons haat of bitterheid koester dan tree ons hatig of verkleinerend teenoor ander op; as ons vrees het vir verwerping dan tree ons oorversigtig of terughoudend of juis verwerplik teenoor ander op. Indien jy in jou hart dink jy is swak en 'n verloorder dan sal jy so optree. Dr Archibald Hart sê: Our body is the servant of the mind….We cannot control our emotions directly but we can influence how we are feeling by changing our thoughts.

Die Spreukedigter het dit onverbeterlik gesê in Spr 4:23 *Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe*.

Die goeie nuus is dat ons nie 'n magtelose prooi van ons gedagtes is nie. Ons kan beheer neem van ongewensde gedagtes. Gedagtes

*Ons Visie:* ***Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

hoef nie met ons te mors of ons te boelie nie. Hoor wat sê Paulus: 2Ko 10:4-5 *Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig….Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.*

## 2. Moenie te veel van ander verwag nie

Ek dink dat baie van ons ongelukkigheid in die lewe deur onsself veroorsaak word omdat ons te hoë verwagtinge van ander het. Ons kry seer en word teleurgestel deur ander wanneer hulle nie aan ons verwagtinge voldoen nie. Dit mag jou kind, jou lewensmaat, jou vriend of jou kollega by die werk wees of self jou boetie of sussie in die geloof wat jou teleurstel.

Ons kan baie seerkry en teleurstelling voorkom deur nie te hoë verwagtinge van ander te hê nie.

Jesus het dit self toegepas en uitgeleef. Hoor wat sê Jesus: Joh 2:24-25 *Maar Hy het Hom nie op hulle verlaat nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is. (25) Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy het self geweet hoe mense is.*

## 3. Geen situasie is hopeloos nie

Omdat die Here leef is daar altyd hoop! Mense word soms hopeloos maar ‘n situasie is nooit hopeloos nie.

*Klg 3:21-24 Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: (22) deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, (23) dit is elke môre nuut. U trou is groot. (24) Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.*

Mag hierdie lewenswaarhede jou lewe verryk!

*Ds Leon van Heerden*



nie my eie baas is nie en nie “aan myself” behoort nie. Dan is ek mos nie meer vry nie—altans so sê baie mense. Dan is ek ‘n slaaf. Dan kan ek nie meer doen wat ek wil nie!

Dit is ‘n wanbegrip. Vryheid is nie ongebondenheid nie. Waaragtige vryheid is juis verbondenheid. Ongebondenheid is net ‘n karikatuur van vryheid. Wat is vryer as ‘n vis in die water? Maar hy is gebonde aan die water. Dit is sy element van lewe. As hy daar uitgaan, sterf hy.

Elke mens wil iewers hoort. Elke mens wil aan ‘n persoon of saak verbonde wees.

Die hart van die mens soek altyd ‘n koning. As jy nie aan die Ware Koning behoort nie, dan behoort jy in elk geval aan Satan en dien jy die sonde.

**NIE MEER MY EIE BAAS NIE**

Elke mens dink so graag hat hy sy eie heer en meester is. Maar die mens wat dink hy is sy eie baas, bedrieg homself want hy is in werklikheid net ‘n slaaf van Satan en in knegskap van sy eie grote Ek. Christus verlos ons van die knegskap van die self sodat ons “nie meer aan onsself nie, maar aan Jesus Christus beoort.”

**SY EIENDOM**

Die wonderlike deel van die antwoord is dat ek alleen gelukkig kan wees as ek nie aan myself nie, maar aan Jesus Christus behoort. Hoekom dan? Omdat Hy my nie alleen geskep het nie, maar my ook wettig gekoop het. Nie met geld nie, maar met iets wat baie kosbaarder is—sy bloed!

Met my, wat so ‘n sondaar is en God se wet so dikwels oortree, sou God net een ding kon doen en dit is om my net die ewige dood te straf (o.a. Rom. 1:32). Maar nou het Jesus as Borg in my plek getree en die losprys vir my betaal. Hy het in my plek gesterwe. So het Hy my rekening betaal (o.a. 2Kor. 5:21).

Daarom behoort ek nie meer aan myself nie, maar volkome aan Hom, met liggaam en siel, vir altyd (in lewe en in sterwe).

Ek behoort nou aan Hom, maar in ‘n sekere sin behoort Hy ook aan my. Nou is ek waarlik vry, want nou is ek weer in my ware element, soos God my wou gehad het, soos Hy vir Adam en Eva in die begin geskep het.

*Vervolg volgende uitgawe…..*




## Bydrae vir Jeugwerkerkursus

‘n Jong man van ons gemeente is entoesiasties om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klasgeld. Dis deeltydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie wardeer word.

Merk koevert of EFT betaling as “Jeugwerkkursus” asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon v Heerden.

## DIE ENIGSTE TROOS (Deel 1)

**TROOS**

Wat beteken hierdie woordjie “troos” nou eintlik? As ons dink aan troos, dan is dit wanneer ‘n kind gehuil het en nou bring iemand hom tot bedaring en sy trane word afgevee.

Maar dit beteken ook: geluk, veiligheid, sekerheid, sekuriteit. Teenoor die dinge wat jou diep ongelukkig en ontsteld maark, en ‘n groot ontevredenheid by jou wek, kom daar ‘n groot verandering sodat in die plek van hierdie dinge, vrede, geluk en sekerdheid kom. Die vraag kan ook so gestel word: “Hoe kan ek werklik gelukkig wees?”

Dat ons troos nodig het, word dus as vanselfsprekend aanvaar. Diep in sy hart soek elke mens daarna.

**DIE “ENIGSTE TROOS”**

Hiermee sluit die Bybel alle ander dinge uit. Daar is niemand anders wat hierdie sekuriteit kan bied nie (Hand. 4:12). Hierdie egte troos is altyd te herken dat dit nie net geld vir hierdie lewe nie, maar vir “lewe en sterwe”. Trouens, wat beteken ‘n toos wat net vir die sonskyn van die lewe geld, maar wanneer die skadu van die dood kom, is dit nie meer daar nie? Net by Jesus Christus wat die opstanding en die lewe is, is hierdie troos te vinde. Dit is die enigste egte troos.

**JY BEHOORT AAN HOM**


Die opwindende antwoord wat op hierdie vraag gegee word, is dat my “enigste troos” daarin bestaan dat ek aan Iemand behoort, d.w.s. dat ek



## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **3 Nov:** Moot Care Karwas en Mark
- **18 Nov:** Nagmaal om 9:00 & Youthbash om 18:00
- **25 Nov:** Kerssangdiens om 19:00
- **1 Des:** Moot Dare Karwas en Mark
- **12 Des:** Skole sluit
- **16 Des:** Gelofte– en Versoeningsdiens om 9:00
- **17 Des:** Vakansiedag
- **25 Des:** Kersdiens om 9:00
- **31 Des:** Oujaarsdiens om 18:00

*Sien jou daar!*




**BOOMSLOPINGS & SNOEI**

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

www.treecarepta.co.za

# 2018 KERSSANGDIENS

25 NOVEMBER OM 19:00

Kom geniet 'n heerlike feesvier aand waar ons die Here gaan loof met musiek.

Tee en koffie word bedien na die diens.



## OMGEE-BEDIENING

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

Dit is die bediening wat die **omgeegroepe** ondersteun en organiseer.

Omgeegroepe is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

Omgeegroepe

Ons gee om.

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.



****Taking an exam****

**Me: Hey Brain, we studied these things, right?**

**Brain: Yes, we definitely studied them.**

**Me: Great stuff, please give me the answers.**

**Brain:**



Sterkte aan almal wat in November eksamen skryf!

## HUISOPPASSER

Benodig u 'n betroubare persoon om u huis op te pas en diere te versorg in die vakansietyd?

Billike tariewe.

Kontak vir Marco du Plessis by 072 497 9855